NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 7

26 Februarie 2026

# Die beste leermeester is trane, vrees en tyd

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Die beste leermeester is trane, vrees en tyd*, soos 'n bekende digter op 'n keer in haar boek *Yesterday I Was the Moon* geskryf het. Die oorsprong van die woorde is nie bekend nie.**

Joshua Wisenbaker skryf dat trane woorde is wat nie met die mond uitgespreek kan word nie. Dit beteken gewoonweg dat sekere dinge op ons lewenspad so oorweldigend is dat ons woordeskat te beperk is om ons emosies in fyn besonderhede te beskryf. Harpreet Singh skryf dat 'n klein bietjie vrees jou in so 'n mate kan toerus dat, wanneer die gróót vrees of pyn kom, dit draagliker sal wees. 'n Onbekende skrywer meen dat elke greintjie ervaring wat 'n mens opdoen, daartoe bydra dat jy wyser, beter en sterker word namate die tyd verloop. Tyd is dus ook jou vriend eerder as jou vyand. Dit is 'n leermeester en nie 'n vernielsugtige vyand nie.

Of hierdie dinge waar is, gaan van mens tot mens verskil. Sekere ervarings laat ons lank trane vloei. Sommige angservarings breek mense af en laat hulle broos en stukkend voel. Gebeure verniel in so 'n mate dat herstel nie eenvoudig is nie, selfs met die verloop van tyd.

Al drie hierdie gedagtes oor die sogenaamde *trio van leermeesters* het egter een ding in gemeen. Dit vra van ons om selfs in ons donkerste oomblikke na die lig te soek. Om selfs die waarde of voordeel van swaarkry raak te sien.

Die apostel Paulus verwys insgelyks na hierdie waardering van swaarkry – hierdie amperse verering van trane, pyn en tyd – wanneer hy in Romeine 5: 3b-5 (AFR83) skryf: *Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, [4]en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; [5]en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.*

Ons word nie aangemoedig om kop omlaag die werklikheid te vermy of kunsmatig te ontken nie. Ons word gewoonweg aangemoedig om wanneer die swaarkry tref met ander oë daarna te kyk.

Ons is geneig om in 'n hoek gedruk te voel wanneer ons lewenspad vreemde draaie loop. Viktor Frankl het hierdie toestand van *in 'n hoek wees* beskryf as die *laaste van die mens se vryhede.* Selfs al word alles van jou weggeneem, selfs al verloor jy jou fisiese, emosionele of materiële vryheid, kan niemand ooit jou vryheid om te kies hoe jy op jou uitdagings gaan reageer vir jou bepaal nie.

Sy gevolgtrekking was dat wanneer jy nie meer jou omstandighede kan verander nie, moet jy jouself verander.

Die jaar is nog in sy kinderskoene en daar wag uiteraard baie dinge op elkeen van ons. Sommige daarvan sal aangenaam wees, ander minder aangenaam en ander op die oog af ondraaglik. Ons uitdaging is om in die gees van Romeine 5 op die Heilige Gees te vertrou. Die Gees herinner ons daaraan dat Jesus Christus vir ons geleef en gesterf het. Ons word opnuut daaraan herinner dat die *tears, fears and years* ook leermeesters kan wees, nie uitsluitlik vyande wat ons gedagtes en gemoed oorheers nie.

**Ds David Barnard**
**(Emeritus/Magaliesmoot)**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 Maart. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 25 Februarie: Dr CB (Bernard) Prinsloo (Onverwacht)
  - Donderdag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (Seestergemeente Brackenhurst)
  - Saterdag 28 Februarie: Di A (Anneline) Geyer (Kempton Park-Oos), HP (Herman) Meyer (Carletonville), en A (Aniena) Jansen van Rensburg (Leeudoringstad)
  - Sondag 1 Maart: Ds Y (Yolandé) de Lange (El-Flora)
  - Maandag 2 Maart: Di JM (Johan) Delport (emeritus), en EG (Etienne) Fourie (emeritus/Benoryn)
  - Woensdag 4 Maart: Ds JLJ (Johan) Smit (emeritus)
  - Vrydag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (Erasmia), en WM (Elmien) Shaw (Swartkop)

## Gemeentes en bediening




- **Gemeente Swartkop** nooi alle belangstellendes hartlik uit na die bevestiging van **ds Steve Oxton** op **1 Maart**. Die diens vind om **08:30** plaas te Irelandlaan 107, Eldoraigne.

- Het u gemeente 'n behoefte aan **professionele opnames**? Aanlyn sigbaarheid hoef nie 'n uitdaging te wees nie. Die **Ateljee@Waterkloofpark** bied hierdie dienste aan gemeentes teen **bekostigbare pakkette**, gefokus op u gemeente se behoeftes. **Kontak ons** vir meer inligting by 012 460 8441 of **justine@pretoriaoos.com**.

## Werksgeleenthede

- **Gemeente Wapadrant** beskik oor 'n vakante bedieningsruimte wat nie aan 'n ouderdomsprofiel gekoppel is nie. Enige proponent of predikant is welkom om aansoek te doen.

  **Verantwoordelikhede:**
  Implementering van die gemeente se bedieningstrategie met die doel om groei en betrokkenheid binne die gemeente te bevorder. Dit sluit onder andere die volgende in:
  - Bestuur en koördinering van kategete en kategese
  - Tema en jaarprogram van bedieninge
  - Jeugaktiwiteite – insluitend kampe
  - Skakeling met organisasies van die omgewing
  - Ontwikkeling en implementering van kommunikasiemiddele en bedieningskanale, byvoorbeeld die gebruik van sosiale media en YouTube
  - Hou van eredienste
  - Bediening van sakramente
  - Hou van begrafnisse en huweliksbevestigings
  - Besoeke aan gesinne, jeug, bejaardes, siekes, nuwe lidmate en persone wat sodanige behoefte uitspreek
  - Algemene gemeentelike bestuur en administrasie
  - Maandelikse verslagdoening oor areas van verantwoordelikheid

  **Sluitingsdatum: 8 Maart 2026**
  - Die kerkraad behou die reg voor om 'n kortlys saam te stel wat nie beperk is tot die aansoeke wat ontvang is nie.
  - Kontak asseblief die kantoor **kantoor@diekerk.com** vir meer inligting rakende die pos.

## Vergaderings


- Vrydag 27 Februarie: Raad van Finansies
- Donderdag 5 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 Maart: Kommissie van die AKV

# Kerklike en ander publikasies





- In die **Januarie/Februarie 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** lui ons die nuwe jaar in met **ds Hannelie Botha** se redaksionele bydrae *Nogtans sal ek jubel.* **Mari-lizé Beukes**, voorsitter NHSV Hoofbestuur, skyn die kollig op die NHSV se tema van 2026 *Nogtans sal ek jubel...* met die profeet Habakuk se gebed as agtergrond vir die tema. **Elizabeth Botha** van Geopende Deure, deel al die inligting van Christene wat in vrees in Jemen lewe in haar artikel *Vervolg oor jou geloof.* **Ds Kalla en mev Marita Fourie**, voorsitter en sekretaris van die Eendrachtkring in Gauteng, brei uit oor hul heerlike Kersfunksie by Gemeente Wonderboompoort in November 2025. **Ria Schempers**, NHSV streekvoorsitter Wes-Kaap, lig hoogtepunte van die Bokmakieries/emeriti van die Wes-Kaap se heerlike Kersfunksie by Wiesenhof te Franschhoek in November 2025 uit. Albei hierdie emeriti-kuiers is moontlik gemaak deur die NHSV Hoofbestuur. **Tessa Oppermann**, Gemeente Rooihuiskraal, bied taalwenke aan in deel 3 van haar reeks *Praktiese Afrikaans*. Klik ***hier*** vir die skakel na ons NHSV publikasies.




- In die jongste uitgawe van ***Die Saaier*** kyk ons na stories wat deel uitmaak van die pragtige reistog van ons bediening. Ons kernfokus bly steeds **Bybelvertaling** en in hierdie uitgawe fokus ons op die **Khelovedu-vertalingsprojek** – een van vier eerste Bybelvertalings waaraan ons tans werk. Jy kan ook lees oor verskeie **uitreikgeleenthede** waar Bybelmateriaal aan arbeiders, skoolleerders en gevangenes geskenk is, wat weereens die belangrikheid van **Bybeltoeganklikheid** beklemtoon. As deel van ons strewe om getroue onderrig in die Woord van God te verseker, verskaf die Bybelgenootskap jaarliks Testamente in die brontale aan **teologiestudente** van regoor die land. Ons berig ook oor so 'n geleentheid. Klik ***hier*** om die jongste uitgawe te lees.






## Kom kyk saam

- Daar was onlangs ’n groot behoefte aan **kospakkies in die Phalaborwa-omgewing** ná die **erge reënval** wat verwoesting gesaai het. ’n Groot aantal gesinne is geraak deur die infrastruktuur wat groot skade gely het. Sommige mense was vir ongeveer ’n maand sonder elektrisiteit gelaat. Kyk ***hier*** hoe **Gemeente Phalaborwa** en **die Diakonale Noodfonds** gehelp het.



- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## ’n Gedig

**Gebed van ’n reisiger**

Sny vir my o, Heer ’n wandelstok of twee
Uit die woud by Tsitsikamma en loop dan met my mee

Oor die vlaktes van die Groot-Karoo
Oor die berge van Natal
Langs die kus af tot by Vleesbaai

Tot by die groen van Riversdal
Brand die hemel van die Vrystaat
In my hart se dagboek in
Laat my nooit die lug vergeet nie
Wat aan die horison begin

En Heer is dit dieselfde son wat by my reis se einde skyn?
Behou mens steeds die reuk van reën as jou geheue dalk sou kwyn?

Want ek vrees mos nie die vreemde nie
Selfs die afstand laat my koud
By U is daar geen leemte nie
U bly steeds my behoud

Al reis ek oor die sewe seë
Skuif kontinente stil verby
Sal ek my voetval op U rig
My in die reis verbly

Maar ek vrees tog wel die eensaamheid
Ek skrik die groot alleen
Dis dan wanneer U my moet dra
Want U weet ek gaan daarheen

Laat die sterre dus my kompas wees en U steeds my ware noord
Lei elke voetstap van my reis o, Heer, want dit is soos dit hoort

**Coenie de Villiers**

## Fondsinsamelings en Kerksake




- **Rugby & basaar – wat meer kan ’n Suid-Afrikaner voor vra?** As ons aan Suid-Afrikaners dink, dink ons aan twee dinge: rugby en basaar! **Gemeente Bronkhorstspruit** kombineer die twee gunstelinge vir ‘n dag vol sport, kuier, lag en kos uit die boonste rakke – soos net ons dit kan doen. Daar sal heerlike eetgoed, lekker saamkuier, aktiwiteite vir die jongspan en natuurlik ook vleis te koop wees teen pryse wat selfs meer indrukwekkend is as Rassie Erasmus se wedstrydplanne! Kom geniet die dag saam met ons!
  **Plek: NHKA Bronkhorstspruit**
  **Datum: 28 Februarie 2026**
  **Tyd: 07:30-14:00**

## Toerusting







- **Pastorale beradingskursus: ’n Pastoraal-holistiese benadering tot kanker**
  **21 April 2026 – Zoom-aanbieding deur prof Wentzel Coetzer**
  Wanneer die immuunsisteem gestimuleer word, selfbeeld en selfvertroue herstel word, onverwerkte trauma en emosionele pyn deurgewerk word, vertroebelde verhoudings herstel word en ’n gesonde leefstyl in plek kan kom, kan dit tot ingrypende fisiese veranderinge lei. In hierdie kursus kom ’n verskeidenheid van praktiese riglyne in hierdie verband aan die orde as deel van ’n diepgaande pastoraal-holistiese benadering waar die biologiese, sosiale, emosionele en geestelike dimensies van siekte oor die algemeen geïntegreer word. Daar word veral gefokus op die benaderings van die pediatriese chirurg, dr Bernie Siegel, asook die mediese dokter, dr Gabor Maté, met betrekking tot kanker. Teen hierdie agtergrond word daar dan telkens ook pastorale kommentaar gelewer en praktiese riglyne uitgespel.


**Die kursus is oop vir almal**
**Datum:** Dinsdag 21 April 2026.
**Tyd:** 09:00-13:00
**Akkreditering:** 5x VBO-punte – CPSC-punte – 5x AFM PCD-punte
**Koste:** R300 per persoon (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bankheffings)
**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
**Navrae:** 083 660 0409 of e-pos: **wentzelc@gmail.com**

**Volg die kursus op 'n latere datum:**
Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om weer die kursus op enige later datum te kan volg.

**Klik *hier* om vir die kursus te bespreek.**




- **Beurs vir PhD-studie by UOVS:** Die Departement Filosofie en Klassieke van die Universiteit van die Vrystaat nooi uitstaande akademiese kandidate om aansoek te doen vir 'n volle beurs vir 'n doktorale studie in die Klassieke en/of Klassieke studies. **Aansoeke sluit op 28 Februarie** en moet gerig word aan prof Johann Roussow (**rossouwjh@ufs.ac.za**) en dr John Meyer (**meyerjc@ufs.ac.za**). **Kontak** asseblief vir dr John Meyer ( **meyerjc@ufs.ac.za**) vir meer inligting.




## Barmhartigheid

- **NHSV-studielenings – toekennings 2026:** Die NHSV-studieleningskomitee het op Dinsdag 24 Februarie vergader om die jaarlikse toekennings van studielenings aan Hervormde studente wat aansoek gedoen het vir die 2026 studiejaar goed te keur. Daar is 42 aansoeke ontvang en toekennings is aan hierdie studente in verskeie studierigtings vir voorgraadse- en nagraadse studies gemaak. Baie dankie aan gemeentes wat tydens 8 Februarie se

spesiale deurkollekte vir die NHSV-studieleningsfonds ’n finansiële bydrae gelewer het om hierdie fonds te versterk. Met 2025 se spesiale deurkollekte is ’n bedrag van R149 904.36 vanaf Hervormde gemeentes ontvang. Ons het groot waardering vir hierdie donasies vir barmhartigheidsdiens onder ons jeug.

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Skepper God en Heilige Gees,
wie se stem ek hoor fluister op die wind,
en wie se asem lewe blaas in die hele skepping.
Ek wat swak en nietig is, maak staat op u mag en wysheid.
Gee dat ek die skoonheid van die skepping kan aanskou
en laat my die werk van u hande eer.
Laat my ore die klank van u stem hoor.
Gee dat ek die lesse wat U in elke blaar en elke klip versteek het, sal leer.
Gee my die krag om nie sterker as my broer te wil wees nie,
maar slegs genoeg om my grootste vyand, myself, te oorwin.
Laat my toe om voor U te staan met rein hande,
’n onbesoedelde hart en heldersiende oë,
sodat wanneer my lewe sak soos die son,
my gees sonder skaamte kan terugkeer na U.

(Gebed van ’n Noord-Amerikaanse wysgeer)

www.versndag.co.za/index.php/vers-n-dag-dagstukkies-79566/3629-die-natuur-as-inspirasie-vir-gebed-26-julie-2018



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger